

# "U GOD IS MY GOD."

## DIE STORIE VAN RUT

### Tema: U God is my God...Die storie van Rut

#### Inleidend

Verlede week gehoor daar word na die boek van Rut verwys as die = The Big, Little Love Story

Iemand anders noem die boek van Rut = The Ultimate love story – dit laat skrywers van ander liefdesverhale eintlik beskaamd.

Hoofstuk 1 in 'n neutedop: Ons ontmoet in hoofstuk 1 vir Elimelek en Naomi wat met hulle 2 seuns Maglon en Giljon in die tyd van droogte en krisis wegtrek uit Bethlehem (die plek van Brood) na Moab (vuilgoedblik). Hierdie familie trek met die hoop dat die gras aan die anderkant groener sal wees, maar kort daarna sterf Elimelek.

Die twee seuns (Maglon en Giljon) trou dan met twee Moabietiese vrouens (teen die wet en die tradisie in) en in 'n vreemde land met vreemde mense sterf ook die twee seuns. Naomi is in 'n vreemde land, met vreemde mense met al haar verlies en pyn.

Naomi besluit dan om terug te keer na haar tuisland na Bethlehem die plek van brood en sy moedig haar skoonogters aan om tuis te bly by hulle mense in Moab. Orpa besluit om te bly, maar Rut verbind haar

Naomi en gaan saam terug na Bethlehem.

Rut en Naomi keer dan terug na Bethlehem die hoofstuk eindig met die aanduiding en teken van nuwe hoop en lewe in die verhaal as ons lees dit is die begin van die Garsoes in Bethlehem (die plek van Brood)

Ons sien hoe God in sy soewereine wil ook die tragedie van die lewe kan neem en nuwe moontlikhede kan skep.

#### RUT OP BOAS SE LANDE – Rut 2:1-16

Ons ontmoet die nuwe karakter in die verhaal Boas en die skrywer gee 'n paar sleutels vir ons wat belangrik is

Familielid dui op die sosiale groeperinge van destyds wat bestaan het uit die kleiner familie, dan die "clan" en dan die "tribe" (volk).

Die woord familielid/bloedverwant (1983) verwys na die "clan" – die uitgebreide familie van Elimeleg en dit is belangrik, want destyds het die clan vir mekaar verantwoordelikheid gedra.

Vermoënde man – wat definitief wys op sy ekonomiese status, maar ook op sy mag en sosiale status in die

gemeenskap. Ons lees dat die selfde term ook gebruik word wanneer daar in Rigters 6 gepraat word van Gideon as 'n man van mag.

Boas beteken in hom was daar sterkte.

Die verteller herinner ons dat Rut 'n vreemdeling is, 'n heidense vrou – elke keer as oor Rut gepraat word in die verhaal word ons daaraan herinner. Maar dan in die ontmoeting tussen Rut en Boas sien ons hoe Boas teen die wette en tradisie van die dag in vir Rut op sy landerye verwelkom en innooi tot aan sy tafel. Die skrywer doen dit op 'n kunstige manier

Wat ons moet onthou van die boek Rut is dat dit geskryf word in die tyd van die Rigters, in die tyd van Esra en Nehemia. Dit was moeilike en verwarrende tye. Daar was hongersnood, daar was ekonomiese krisis en morele verval. Esra en Nehemia se antwoord op die krisis was om die tempel te herbou en die Israeliete opdrag te gee om die wet streng na te kom. Dan sal alles weer regkom was hulle konklusie. Die wet wat volgens Esra en Nehemia tot op die letter nagekom moet word het ook bepaal dat Moabiete nie deel mag word van die volk van God nie. Ons lees dit in Deutr 23:3 Geen Ammoniet of Moabiet mag lid van die gemeente word nie. Niemand uit hulle nageslag mag ooit lid van die

gemeente word nie, selfs nie eers een van die tiende geslag nie.”

Binne hierdie konteks vra Naomi dan dat Rut en Orpa liewers moet terugkeer na hulle eie mense, want anders kan hulle vernietig word. Hulle sal altyd tweederangse inwoners bly en nooit deel van die volk kan wees nie. Die wet bepaal dit. Maar Rut het met oortuiging en liefde verklaar Rut 1:16: “... waar u gaan, sal ek gaan; waar u bly, sal ek bly; u volk is my volk; u God is my God; waar u sterf, sal ek sterf en daar sal ek begrawe word.”

Kort na hul aankoms in Betlehem, het Rut met Boas in aanraking gekom. Wat sou Boas doen? In opdrag van die volksleiers die wet streng nakom en vir Rut van sy lande afgooi. Maar Boas kies die radikale alternatief: Hy het vir Rut met ope arms verwelkom en met genade, liefde en barmhartigheid teenoor haar opgetree – hy is spandabelrig in sy omgee en versorging, maar oortree elke letter van die wet

Wat gebeur in die verhaal? In 'n tyd van verwarring sê die leiers. Die antwoord is die streng nakoming van die wet! Maar in die verhaal sien ons twee mense wat dit verder waag met liefde en omgee, meer as wat die gewone samelewings vereistes en die wet van hulle geëis het.

Die woordjie wat herhaaldelik in die verhaal gebruik word vir die optrede van Rut en Boas, is die Hebreeuse word h(g)esed wat in die woordeboek so mooi vertaal word

na Engels = “extraordinary behaviour-kindness and loyalty to someone in desperate need.”

Die Ultimate Love story – op ‘n manier word die boek van Rut in die OT, vir ons ‘n venster op God se liefde. Hoe God se liefde en lyk en wat dit doen.

Dit is wat God vir ons in Jesus kom wys, sy hesed liefde - Filippense 2:6-8

Hy het Homself gelos om ons vas te hou, sodat ons nooit kan loskom van sy liefde en vashou van ons nie. Hy oortree al die wette as hy Jood en heiden, man en vrou, eienaar en slaaf na sy tafel toe nooi en bedien

Wat ek en jy vandag moet hoor is die uitnodiging: Kom, kom, kom!!! Jes 55:1-3

### **Kleingroepe:**

#### **Ons ontmoet mekaar:**

Deel met mekaar hoogtepunte en laagtepunte van die afgelope week...

#### **Ons ontmoet God:**

Steek ‘n kers in die groep aan en laat groepslede in pare vir mekaar bid...

Herinner mekaar aan hoe die verhaal begin in Rut 1

Lees Rut 2:1-16 saam deur...

#### **Ons deel met mekaar:**

Laat elkeen deel wat hulle opval in die verhaal...

Wat uit Sondag se preek het jou veral opgeval en by gebly?

Wat is vir julle die uitnodiging in die verhaal en wat is die uitdaging van die deel van die verhaal?

#### **Ons sluit saam af:**

Deel die groep in pare en deel met mekaar julle gebedsbehoefte vir die week en bid vir mekaar. Verbind julle ook aan mekaar om die week vir mekaar te bid en mekaar nie te los nie.